# DIE OU MARKPLEIN . . .

## Pretoria 1870 tot 1972

### DIE NUWE MONUMENT

Op die perseel van die Ou Markplein in Pretoria, die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika, is die nuwe monument vir 'n voormalige Eerste Minister op 31 Mei 1972 deur sy weduwee, mev. Susan Strijdom onthul.

Markplein was in die jaar 1879 'n stowwerige stuk oop grond waarheen produkte met ossewaens gebring is en die gemoedelike geknibbel tussen huisvrou en groenteventer 'n sosiale aangeleentheid vir die klein dorpie se ongeveer 2 000 inwoners was.

Pretoria het op 1 Mei 1890 die hoofstad van die Transvaalse Republiek geword en die mark het so uitgebrei dat die ruim marksaal gedurende 1879 opgerig is om gedurende die wisselende omstandighede van die destydse regering beurtelings huisvesting vir die eerste Museum, die feestelike opening van die Mosambiek-spoorweg en vir die verhoor van die Reformers van die Jameson-inval.

Terwyl die ou Transvaal sy onafhanklikheid verloor, herwin en weer verloor het, het die markplein gedurig sy belangrike plek behou in die stad wat later die Administratiewe sentrum van die Unie van die vier provinsies van Suid-Afrika sou word.

Die vinnige groei van die hoofstad tot meer as 'n halfmiljoen inwoners het genoodsaak dat vir ruimer markfasiliteite voorsiening gemaak moes word. Die ou perseel is uitgegrawe teneinde parkeerruimte vir 750 motorkarre onder straathoogte te bied en om bogronds ruimte te verleen vir 'n Klein Teater, Operahuis en multi-verdieping kantoorkompleks sowel as vir 'n monument ter gedagtenis aan die wyle adv. J. G. Strijdom wat Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika vanaf 1954 tot 1958 was.